education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2007

**AARDRYKSKUNDE V1**

**HOËR GRAAD**

**FEBRUARIE/MAART 2007**

**502-1/1**

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

AARDRYKSKUNDE HG: Vraestel 1
Vraestel & Diagramboek

502 1 1A HG

**Hierdie vraestel bestaan uit 23 bladsye en 'n BYLAE van 6 bladsye.**

X05

Kopiereg voorbehou

GAUTENG

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings: AFDELING A, AFDELING B en AFDELING C.

2. Beantwoord slegs DRIE vrae: EEN uit AFDELING A
EEN uit AFDELING B
EEN uit AFDELING C

3. ALLE diagramme is in die bylae ingesluit.

4. Nommer ALLE vrae wat jy beantwoord in die middel van die bladsy.

5. Laat 'n lyn oop tussen onderafdelings.

6. Begin die antwoord op elke vraag op 'n nuwe bladsy.

7. Nommer die antwoorde presies soos die vrae in hierdie vraestel genommer is.

8. MOENIE in die kantlyn van die antwoordeboek skryf nie.

9. Omkring die vraagnommers van vrae wat jy beantwoord het op die voorblad van die antwoordeboek.

10. Skryf duidelik en leesbaar.

11. Illustreer, waar moontlik, jou antwoorde met benoemde diagramme.

## AFDELING A: FISIESE AARDRYKSKUNDE

Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling.

## VRAAG 1

1.1 Die volgende stellings hou almal verband met fisiese aardrykskunde. Kies die korrekte term tussen hakies om AL die stellings WAAR te maak. Skryf slegs die vraagnommer (1.1.1 - 1.1.5) en die term langsaan neer.

Gedurende Suid-Afrika se somer sal die drie lugdrukselle wat Suid-Afrika se weer beheer in 'n (1.1.1) (noordelike/suidelike) rigting migreer wanneer die sonstrale direk op die (1.1.2) (Steenboks/Kreefs)-keerkring val op 21/22 Desember.

Granietkoepels ontwikkel uit (1.1.3) (massiewe stollings/hellende sedimentêre) gesteentes. Sodra dit aan die aardoppervlak blootgestel word, sal die geronde vorm as gevolg van (1.1.4) (karbonisering/afskilfering) ontwikkel.

Die proses geïdentifiseer in VRAAG (1.1.4) hierbo is 'n voorbeeld van 'n (1.1.5) (aktiewe/passiewe) grondvormende proses. (5 x 2) (10)

1.2 FIGUUR 1.2A (BYLAE aangeheg) toon die drie hoogdrukselle (antisiklone) wat 'n belangrike rol speel in die beheer van suidelike Afrika se klimaat. FIGUUR 1.2B (BYLAE aangeheg) is 'n dwarssnit op ongeveer 30° S breedte wat die posisie van die inversielaag oor die eskarp illustreer.

1.2.1 Verwys na FIGUUR 1.2A.

(a) Identifiseer hoogdrukselle K, L en M. (3)

(b) Noem die DRIE lugbewegings wat met lugdrukselle K, L en M geassosieer word. (3)

(c) Gedurende watter seisoen, winter of somer, sal hoogdruksel L beter ontwikkel wees? (1 x 2) (2)

(d) Gee 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 1.2.1(c). (2 x 2) (4)

1.2.2 Verwys na FIGUUR 1.2 B wat die inversielaag toon wat oor Suid-Afrika ontwikkel.

(a) Wat is 'n inversielaag? (2)

(b) Met watter hoogdruksel K, L of M, in FIGUUR 1.2 A, word die inversielaag geassosieer? (1 x 2) (2)

(c) Verteenwoordig FIGUUR 1.2B winter- of somertoestande? (1 x 2) (2)

(d) Gee 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 1.2.2(c). (1 x 2) (2)

(e) Beskryf TWEE weerstoestande wat ervaar kan word in die binneland van Suid-Afrika gedurende die seisoen genoem in VRAAG 1.2.2(c). (2 x 2) (4)

1.2.3 Verwys na FIGUUR 1.2C (BYLAE aangeheg) wat die posisie van die vogfront/troglyn toon wat die ontwikkeling van lyndonderstorms begunstig.

(a) Wat is 'n vogfront/troglyn? (2)

(b) Aan watter kant van die vogfront ontwikkel lyndonderstorms? (1)

(c) Verduidelik jou antwoord in VRAAG 1.2.3(b). (2 x 2) (4)

(d) Noem die wolktipe wat met die ontwikkeling van lyndonderstorms geassosieer word. (1 x 2) (2)

(e) Is lyndonderstorms tipies van frontale/sikloniese of konveksie-donderstorms? (1 x 2) (2)

(f) Gee EEN rede vir jou antwoord in VRAAG 1.2.3(e). (1 x 2) (2)

(g) Wat is die gevolge van lyndonderstorms vir boere in die binneland van Suid-Afrika? (2 x 2) (4)

1.3 Die konstante styging van warm, vogtige lug langs die oostelike eskarphange het hoë reënval tot gevolg. Die hoë reënval het 'n groot invloed op die erosievermoë van die riviere wat die oostelike eskarphange dreineer. Verwys na FIGUUR 1.3 (BYLAE aangeheg) en beantwoord die volgende vrae:

1.3.1 Verduidelik die betekenis van die volgende terme in FIGUUR 1.3:

(a) Eskarp (2)

(b) Waterskeiding (2)

1.3.2 (a) In watter rigting beweeg die waterskeiding? (1)

(b) Noem die erosieproses wat verantwoordelik is vir die beweging van die eskarp in die rigting wat in VRAAG 1.3.2(a) genoem is. (1x2) (2)

(c) Gee moontlike redes waarom die waterskeiding in die rigting beweeg wat in VRAAG 1.3.2(a) genoem is. (2 x 2) (4)

(d) Hoe sal die grootte van die dreineringsbekken by S en T beïnvloed word met die verskuiwing van die waterskeiding? (2 x 2) (4)

1.4 FIGUUR 1.4 (BYLAE aangeheg) toon die ontwikkeling van 'n stel landvorme. Verwys na FIGUUR 1.4 en beantwoord die vrae wat volg.

1.4.1 Identifiseer landvorme:

(a) X (1)

(b) Z (1)

1.4.2 Verduidelik hoe landvorm X aan die aardoppervlak blootgestel is. (2 x 2) (4)

1.4.3 Beskryf kortliks hoe landvorm X in landvorm Z ontwikkel het. (3 x 2) (6)

1.4.4 (a) Watter dreineringspatroon sal heel moontlik by landvorm X ontwikkel? (1 x 2) (2)

(b) Teken 'n eenvoudige planaansig van die dreineringspatroon wat in VRAAG 1.4.4(a) genoem is. (1 x 2) (2)

1.5 FIGUUR 1.5 (BYLAE aangeheg) toon 'n eenvoudige grondprofiel waarin drie horisonte sigbaar is.

1.5.1 Definieer die term *grondprofiel.* (2)

1.5.2 (a) In watter horisont vind uitloging plaas? (1 x 2) (2)

(b) Beskryf kortliks die proses van uitloging. (2 x 2) (4)

1.5.3 (a) Noem enige TWEE grondvormende prosesse. (2 x 2) (4)

(b) Beskryf kortliks die twee grondvormende prosesse wat in VRAAG 1.5.3(a) genoem is. (2 x 2) (4)

1.5.4 Verduidelik die belangrikheid van humus vir die grondprofiel. (1 x 2) (2)
**[100]**

**OF**

**VRAAG 2**

2.1 Die volgende stellings het almal betrekking op fisiese aardrykskunde. Kies die korrekte term tussen hakies om al die stellings WAAR te maak. Skryf slegs die vraagnommer (2.1.1 - 2.1.5) en die term langsaan neer.

Tropiese siklone kom langs die (2.1.1) (wes/oos)-kus van Suid-Afrika gedurende (2.1.2) (somer/winter)-maande voor.

'n Tydelike erosiebasis word by (2.1.3) (seevlak/'n waterval) gevind. Verjonging kan plaasvind by 'n tydelike erosiebasis wat die gevolg van (2.1.4) (afwaartse/sywaartse) erosie is.

Verwoestyning word deur (2.1.5) (interbekkenverplasing van water/verkeerde boerderymetodes) veroorsaak. (5 x 2) (10)

2.2 FIGUUR 2.2 (BYLAE aangeheg) is 'n gedeelte van 'n sinoptiese weerkaart van Suid-Afrika. Tropiese sikloon Elita is duidelik sigbaar langs die ooskus van suidelike Afrika. Verwys na FIGUUR 2.2 en beantwoord die volgende vrae:

2.2.1 Watter bewyse op die sinoptiese weerkaart toon dat Elita 'n tropiese sikloon is? Gee TWEE bewyse. (2)

2.2.2 (a) Watter letter P, Q, R of S, verteenwoordig die gevaarlike halwe sirkel? (1 x 2) (2)

(b) In watter stadium van ontwikkeling, ontwikkelings- of volwasse stadium, is tropiese sikloon Elita? (1 x 2) (2)

2.2.3 Gee EEN rede vir jou keuse van ontwikkelingstadium in VRAAG 2.2.2(b). (1 x 2) (2)

2.2.4 Met verwysing na die temperatuur, verduidelik waarom die toestand gunstig was vir die ontwikkeling van 'n tropiese sikloon. (1 x 2) (2)

2.2.5 (a) Wat is die bewegingsrigting van 'n tropiese sikloon? (1 x 2) (2)

(b) Gee 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 2.2.5(a). (1 x 2) (2)

(c) Beskryf, met redes, die veranderinge in weerstoestande wat jy in EEN van die volgende sal ervaar as die tropiese sikloon oorbeweeg:

- Reënval
- Bewolktheid
- Windspoed/Windsterkte (3 x 2) (6)

2.2.6 (a) Wat sal met tropiese sikloon Elita gebeur as dit oor die land beweeg? (1 x 2) (2)

(b) Verduidelik jou antwoord in VRAAG 2.2.6(a). (2 x 2) (4)

2.2.7 Noem EEN gevolg van tropiese sikloon Elita as dit oor die land beweeg. (1 x 2) (2)

2.3 FIGUUR 2.3 (BYLAE aangeheg) dui toestande aan wat tipies van 'n groot stad is wat op die valleivloer ontwikkel het. Verwys na FIGUUR 2.3 en beantwoord die volgende vrae:

2.3.1 Verduidelik waarom besoedeling moeilik uit die geïllustreerde vallei ontsnap. (1 x 2) (2)

2.3.2 Hoe sal die teenwoordigheid van besoedeling in die vallei die temperatuur van die stad beïnvloed? (1 x 2) (2)

2.3.3 Verduidelik jou antwoord in VRAAG 2.3.2. (2 x 2) (4)

2.3.4 Noem EEN gevolg wat 'n toename in besoedeling op die mens het. (1 x 2) (2)

2.3.5 Gee EEN moontlike oplossing om besoedeling in hierdie vallei te verminder. (1 x 2) (2)

2.4 Die voorkoms van 'n tropiese sikloon langs die ooskus van suidelike Afrika verhoog die moontlikheid van oorstroming vir die lande langs die kus.

2.4.1 Wat is 'n vloed? (2)

2.4.2 Behalwe tropiese siklone, noem EEN ander oorsaak van vloede. (1 x 2) (2)

2.4.3 Beskryf die gevolge van oorstroming vir die mens. (2 x 2) (4)

2.4.4 Stel TWEE moontlike maatreëls voor om die uitwerking van oorstromings te verminder. (2 x 2) (4)

2.5 Verwys na FIGUUR 2.5 (BYLAE aangeheg) wat 'n stroomprofiel toon nadat verjonging plaasgevind het.

2.5.1 Definieer die term *verjonging*. (2)

2.5.2 Watter bewys in FIGUUR 2.5 (BYLAE aangeheg) wys dat verjonging plaasgevind het? (1 x 2) (2)

2.5.3 Waarom vind verjonging meer dikwels gedurende oorstromings plaas? (2 x 2) (4)

2.5.4 Behalwe jou antwoord in VRAAG 2.5.2, gee EEN ander bewys dat verjonging in 'n rivier plaasgevind het. (1 x 2) (2)

2.6 FIGUUR 2.6 (BYLAE aangeheg) toon 'n dreineringsbekken met medium dreineringsdigtigheid/tekstuur. Verwys na FIGUUR 2.6 en beantwoord die volgende vrae:

2.6.1 Bepaal die stroomorde van die hoofstroom X. (1 x 2) (2)

2.6.2 (a) Wat is die verband tussen stroomorde en stroomvolume? (1 x 2) (2)

(b) Verduidelik jou antwoord in VRAAG 2.6.2(a). (2 x 2) (4)

2.6.3 (a) Sal die afloop van die hoofstroom, wat uit die dreinerings-bekken vloei, verhoog of verlaag tydens oorstromings? (1 x 2) (2)

(b) Gee 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 2.6.3(a). (1 x 2) (2)

2.7 FIGUUR 2.7 (BYLAE aangeheg) illustreer die uitwerking van die mens op 'n ekosisteem.

2.7.1 Wat is 'n ekosisteem? (2)

2.7.2 Wat is die hoofoorsaak van 'n wanbalans in ekosisteme, reg oor die wêreld? (1)

2.7.3 Identifiseer EEN manier waarop mense inmeng in ekosisteme oor die wêreld. (1)

2.7.4 Verduidelik hoe die inmenging van die mens in die ekosisteme verwoestyning tot gevolg het. (3 x 2) (6)

2.7.5 Noem EEN gevolg (effek) van verwoestyning vir die mens. (1 x 2) (2)

2.7.6 Stel maniere voor hoe die mens se impak op ekosisteme verminder kan word. (2 x 2) (4)
**[100]**

**TOTAAL AFDELING A: 100**

## AFDELING B: NEDERSETTINGSAARDRYKSKUNDE

Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling.

### VRAAG 3

3.1 Verskeie moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae verskaf. Skryf slegs die letter (A - D) langs die vraagnommer neer, byvoorbeeld 3.1.1(f) A.

3.1.1 Verwys na FIGUUR 3.2 (BYLAE aangeheg) wat landelike nedersetting wat in grootte en kompleksiteit verskil, voorstel.

(a) Die rangorde van nedersettings (i), (ii) en (iv) van die grootste na die kleinste is …

A (i), (ii) en (iv).
B (i), (iv) en (ii).
C (iv), (i) en (ii).
D (iv), (ii) en (i). (1 x 2) (2)

(b) Volgens grootte en kompleksiteit, is nedersetting (iv) 'n …

A geïsoleerde plaasopstal.
B gehuggie.
C boeredorpie.
D stad. (1 x 2) (2)

(c) Die gevolg van landelike ontvolking op nedersettings (i) tot (iv), is dat die mense wat agterbly se gemiddelde ouderdom sal … en die kwaliteit van die dienste sal …

A toeneem; afneem.
B toeneem; toeneem.
C afneem; toeneem.
D afneem; afneem. (1 x 2) (2)

3.1.2 Verwys na FIGUUR 3.4 (BYLAE aangeheg) wat 'n stad met sy verskillende grondgebruiksones voorstel.

(a) Industriële sone … sal heel moontlik 'n ligte nywerheidsone wees.

A C
B D
C E
D F (1 x 2) (2)

(b) 'n Mens sal die volgende aktiwiteite in 'n ligte nywerheidsone kry:

A Bakkery en motormonteringsaanleg
B Drukkery en sementfabriek
C Motormonteringsaanleg en sementfabriek
D Bakkery en drukkery (1 x 2) (2)

3.2 FIGUUR 3.2 (BYLAE aangeheg) toon landelike nedersettings wat in grootte en kompleksiteit verskil. Hierdie nedersettings het ook verskillende vorms en patrone aangeneem.

3.2.1 Verwys na nedersetting (iii) en (iv).

(a) Hoe verskil hulle vorms? (2)

(b) Gee redes vir elk van die vorms. (2)

3.2.2 Verwys na nedersetting (ii).

(a) Gee TWEE bewyse wat aandui dat die boer die grond teen erosie wil beskerm. (2 x 2) (4)

(b) Verduidelik hoe hierdie metodes toegepas word om die grond teen erosie te beskerm. (2 x 2) (4)

(c) Hoekom is dit belangrik vir hierdie boer om die grond te beskerm? (2 x 2) (4)

3.2.3 Grond wat aan boer X behoort kom verspreid rondom die nedersetting voor.

(a) Noem DRIE nadele wat boer X het om sy/haar landbougrond te bestuur. (3 x 2) (6)

(b) Gee EEN voordeel wat boer X geniet. (1 x 2) (2)

(c) Baie mense verlaat hierdie nedersetting om in groot stede te gaan bly. Gee TWEE moontlike redes (stootfaktore) vir hierdie neiging. (2 x 2) (4)

(d) Hoekom sal hierdie migrasie van mense na groot stede 'n negatiewe impak op die ekonomiese ontwikkeling van hierdie nedersetting hê? (2 x 2) (4)

3.3 FIGUUR 3.3 (BYLAE aangeheg) toon 'n paar gespesialiseerde nedersettings. Hierdie nedersettings is goed geleë ten opsigte van hul omgewing.

3.3.1 Waarna verwys die term *ligging*? (2)

3.3.2 Wat is 'n gespesialiseerde nedersetting? (2)

3.3.3 (a) Identifiseer die tipe gespesialiseerde nedersetting by C. (2)

(b) Hoekom kan ons sê dat nedersetting C goed geleë is? (1 x 2) (2)

3.3.4 (a) Watter nedersetting is heel moontlik 'n vragverbrekingspunt? (1 x 2) (2)

(b) Verduidelik jou antwoord in VRAAG 3.3.4(a). (2 x 2) (4)

(c) Die uitbreiding van hierdie nedersetting is beperk. Verduidelik waarom dit so is. (2 x 2) (4)

3.3.5 Identifiseer TWEE gespesialiseerde nedersettings wat as gevolg van primêre aktiwiteite ontwikkel het. (2 x 2) (4)

3.3.6 (a) Watter nedersetting het heel moontlik as gevolg van desentralisasie ontwikkel? (1 x 2) (2)

(b) Verduidelik jou antwoord in VRAAG 3.3.6(a). (1 x 2) (2)

3.4 FIGUUR 3.4 (BYLAE aangeheg) toon 'n moderne stedelike nedersetting met sy verskillende stedelike grondgebruiksones. Verwys na FIGUUR 3.4 en beantwoord die volgende vrae:

3.4.1 Verwys na die verskillende groengordels en parke wat op die diagram sigbaar is.

(a) Wat is 'n groengordel? (2)

(b) Verduidelik die rol van groengordels by die beheer van besoedeling. (2 x 2) (4)

(c) Behalwe om besoedeling te beheer, gee 'n ander rede waarom groengordels in 'n stad onderhou moet word. (1 x 2) (2)

(d) Hoe sal 'n groengordel die grondwaarde van woongebiede langsaan beïnvloed? (1 x 2) (2)

(e) Verduidelik jou antwoord in VRAAG 3.4.1(d). (1 x 2) (2)

3.4.2 Ligte nywerhede is belangrik in die funksionering van 'n stad omdat hulle belangrike dienste lewer.

(a) Definieer die term *ligte nywerhede*. (2)

(b) Waar kom ligte nywerhede normaalweg voor? (2)

(c) Met verwysing na jou antwoord in VRAAG 3.4.2(b), verduidelik die ligging van ligte nywerhede in die stad. (2 x 2) (4)

3.4.3 Die landelik-stedelike oorgangsone is duidelik op die diagram aangedui.

(a) Waar is die landelik-stedelike oorgangsone met betrekking tot die stad geleë? (1)

(b) Is die landelik-stedelike oorgangsone tipies van stedelike of landelike nedersettings? (1)

(c) Noem TWEE stedelike funksies wat tipies in die landelik-stedelike oorgangsone aangetref word. (2)

(d) Verduidelik waarom die funksies wat in VRAAG 3.4.3(c) genoem is, tipies van die landelik-stedelike oorgangsone is. (2 x 2) (4)

(e) Verduidelik waarom baie mense verkies om eerder op plotte in die landelik-stedelike oorgangsone as in die stad te bly. (2 x 2) (4)

**[100]**

**OF**

**VRAAG 4**

4.1 Verskeie moontlike opsies word as antwoorde is vir die volgende vrae verskaf. Skryf slegs die letter (A - D) langs die vraagnommer neer, byvoorbeeld 4.1.1(f) A.

4.1.1 Verwys na FIGUUR 4.2 (BYLAE aangeheg) wat 'n sentrale plek aandui.

(a) Die nedersetting wat hier gewys word het 'n … vorm.

A lineêre
B sirkel-/ronde
C ster-
D kruis- (1 x 2) (2)

(b) Die nedersetting wat hier getoon word, het 'n ... patroon en is ... van aard.

A geïsoleerde/verspreide; enkelfunksioneel
B geïsoleerde/verspreide; multifunksioneel
C tros-/kern-; enkelfunksioneel
D tros-/kern-; multifunksioneel (1 x 2) (2)

(c) Die omringende gebied wat deur die nedersetting bedien word, is bekend as sy ...

A landelik-stedelike oorgangsone.
B invloedsfeer.
C reikwydte.
D oorgangsone. (1 x 2) (2)

4.1.2 Verwys na FIGUUR 4.4 (BYLAE aangeheg) wat 'n stedelike nedersetting aandui.

(a) Die nedersetting wat in FIGUUR 4.4 getoon word het rofweg 'n ... vorm.

A lineêre
B sirkel-/ronde
C ster-
D kruis- (1 x 2) (2)

(b) Die nedersetting neem die genoemde vorm aan omdat dit ... ontwikkel.

A langs hoof uitgaande paaie
B by 'n T-aansluiting
C rondom die interseksie van hoofpaaie
D langs 'n hoofpad (1 x 2) (2)

4.2 Verwys na FIGUUR 4.2 (BYLAE aangeheg) wat 'n sentrale plek toon. Verskeie fisiese faktore het 'n rol by die keuse van die standplaas van die sentrale plek gespeel.

4.2.1 Wat is 'n sentrale dorp? (2)

4.2.2 (a) Definieer die term *standplaas*. (2)

(b) Identifiseer TWEE fisiese faktore wat 'n rol in die keuse van die standplaas van hierdie sentrale plek gespeel het. (2)

(c) Verduidelik hoe die faktore genoem in VRAAG 4.2.2(b) die keuse van 'n standplaas beïnvloed het. (2 x 2) (4)

4.2.3 Gee 'n rede vir die vorm van dié sentrale plek. (1 x 2) (2)

4.2.4 Is die sentrale plek in FIGUUR 4.2 'n landelike of stedelike sentrum? (1 x 2) (2)

4.2.5 Verduidelik jou antwoord in VRAAG 4.2.4. (1 x 2) (2)

4.3 Vanuit die bewyse in FIGUUR 4.3 (BYLAE aangeheg) is dit duidelik dat die drempelbevolking van die sentrale plek in FIGUUR 4.3 daal. Die belangrikheid van hierdie sentrale plek daal ook stadig.

4.3.1 (a) Wat word bedoel met drempelbevolking? (2)

(b) Watter bewyse in die diagram toon dat die drempelbevolking van die sentrale plek daal? (1 x 2) (2)

4.3.2 Die daling van die drempelbevolking is die gevolg van landelike ontvolking.

(a) Gee DRIE trekfaktore wat landelike ontvolking veroorsaak. (3 x 2) (6)

(b) Hoe sal landelike ontvolking die ouderdomstruktuur van hierdie sentrale plek beïnvloed? (1 x 2) (2)

(c) Gee 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 4.3.2(b). (1 x 2) (2)

(d) Hoe sal landelike ontvolking die kwaliteit van dienste in die sentrale plek beïnvloed? (1 x 2) (2)

(e) Gee 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 4.3.2(d). (1 x 2) (2)

(f) Gee DRIE moontlike maatreëls wat getref kan word om landelike ontvolking vanuit hierdie sentrale plek te vertraag. (3 x 2) (6)

4.3.3 (a) Hoe sal landelike ontvolking die invloedsfeer van hierdie sentrale plek beïnvloed? (1 x 2) (2)

(b) Hoe sal landelike ontvolking die reikwydte van hierdie sentrale plek beïnvloed? (1 x 2) (2)

4.3.4 Verduidelik jou antwoorde in VRAAG 4.3.3(a) and (b). (2 x 2) (4)

4.4 Die vervoernetwerk het 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die vorm en die ligging van die verskillende grondgebruiksones van die nedersetting wat in FIGUUR 4.4 (BYLAE aangeheg) geïllustreer is, gespeel. Verwys eers na FIGUUR 4.4 en beantwoord dan die vrae wat volg.

4.4.1 Toeganklikheid het 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die SSK/kommersiële sentrum gespeel.

(a) Gee 'n rede om die stelling te staaf. (1 x 2) (2)

(b) Hoe het toeganklikheid die geboudigtheid in die SSK beïnvloed? (1 x 2) (2)

(c) Hoe het toeganklikheid die hoogte van die geboue in die SSK beïnvloed? (1 x 2) (2)

(d) Gee 'n kort verduideliking vir jou antwoorde in VRAAG 4.4.1(b) en (c). (2 x 2) (4)

4.4.2 Die ontwikkeling van die padnetwerk en die groter aantal private voertuigeienaars het die invloedsfeer van die SSK van hierdie stad vergroot. Verduidelik hoekom is dit so. (3 x 2) (6)

4.5 Soos wat die landelike inwoners na die stede gelok word op soek na 'n beter lewenstandaard, het die getal informele nedersettings wat die stede omring ook vermeerder.

4.5.1 Wat is 'n informele nedersetting? (2)

4.5.2 Hoekom ontwikkel informele nedersettings? (2)

4.5.3 Verwys na die informele nedersettings Chawama en Jack. Die mens wat in hierdie nedersettings woonagtig is ondervind probleme om werk te kry. Om hierdie probleem te oorkom het hulle in die informele sektor van die ekonomie werk gekry.

(a) Wattter bewys in FIGUUR 4.4 toon dat mense wat in Chawama en Jack woonagtig is, van publieke vervoer afhanklik is? (2)

(b) Verduidelik waarom mense wat hier woon dit moelik vind om werk te kry. (2 x 2) (4)

(c) Gee EEN voorbeeld van 'n werksgeleentheid in die informele sektor van die ekonomie. (1 x 2) (2)

(d) Waarom is dit belangrik om mense aan te moedig om by die informele sektor van die ekonomie betrokke te raak? (2 x 2) (4)

(e) Noem EEN nadeel vir die ekonomiese ontwikkeling van 'n land indien te veel mense by die informele sektor betrokke raak. (1 x 2) (2)

4.5.4 Behalwe werk, noem TWEE ander probleme wat die mense wat in hierdie informele sektor woon, ervaar. (2 x 2) (4)

4.5.5 Gee moontlike oplossings vir die probleme wat jy in VRAAG 4.5.4 genoem het. (2 x 2) (4)
**[100]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**

## AFDELING C: STREEKSAARDRYKSKUNDE

Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling.

### VRAAG 5

5.1 Die volgende vrae verwys na inligting wat met Suid-Afrikaanse aardrykskunde verband hou.

5.1.1 Verskeie moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae verskaf. Skryf slegs die letter (A - D) langs die vraagnommer neer, byvoorbeeld 5.1.1(f) A.

(a) Die hoogste bergreeks in die Groot Eskarp is die …

A Roggeveldberg.
B Drakensberg.
C Stormsberg.
D Sneeuberg. (1 x 2)

(2)

(b) Die … -wateroordragskema is ontwikkel om aan die Oos-Kaap water te voorsien.

A Oranje-Vis
B Tugela-Vaal
C Boland
D Lesotho Hoogland (1 x 2) (2)

(c) … is die mees prominente industriële aktiwiteit wat in die Port Elizabeth–Uitenhage nywerheidsgebied plaasvind.

A Olieraffinadery
B Motormonteringsaanleg
C Yster en staalproduksie
D Petro-chemiese produksie (1 x 2) (2)

5.1.2 Kies die korrekte term tussen hakies om AL die stellings WAAR te maak. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte term langsaan neer. (1 x 2)

(a) 'n Opsomming van al Suid-Afrika se transaksies met die res van die wêreld is sy (betalingsbalans/handelsbalans). (1 x 2) (2)

(b) Die hoofdoel van Suid-Afrika se GEAR-beleid was om die mense (sosiaal/ekonomies) op te hef. (2)

5.2 Verwys na FIGUUR 5.2 (BYLAE aangeheg) om die volgende vrae te beantwoord:

5.2.1 Identifiseer die provinsies B en C. (2)

5.2.2 Identifiseer rivier D. (1)

5.2.3 Identifiseer oseaan E. (1)

5.2.4 Die fisiografiese (fisiese) verskynsel A speel 'n belangrike rol in die klimaat van Suid-Afrika se binneland. Dit plaas ook 'n beperking op die ontwikkeling van die vervoernetwerke vanaf die binneland na die kus.

(a) Identifiseer die fisiografiese (fisiese) verskynsel A. (1)

(b) Met verwysing na die invloed van verskynsel A, verduidelik hoekom die Suid-Afrikaanse binneland 'n lae reënval gedurende die wintermaande ervaar. (2 x 2) (4)

(c) Hoekom vorm verskynsel A 'n vervoerversperring tussen die binneland en die kus? (1 x 2) (2)

(d) Verduidelik die koste-implikasies wat verskynsel A op die bou van die vervoernetwerke tussen die binneland en die kus het. (1 x 2) (2)

(e) Wat is gedoen om verskynsel A as 'n vervoerversperring te oorkom? (2 x 2) (4)

5.3 FIGUUR 5.3 (BYLAE aangeheg) toon die bevolkingsdigtheid van Suid-Afrika. Bestudeer FIGUUR 5.3 en beantwoord die volgende vrae:

5.3.1 Beskryf die patroon wat merkbaar is in die Suid-Afrikaanse bevolkingsverspreiding. (2)

5.3.2 Gee TWEE redes waarom die Suid-Afrikaanse bevolking hierdie patroon toon. (2 x 2) (4)

5.4 Verwys na FIGUUR 5.4 (BYLAE aangeheg) wat die verwagte groei van die Suid-Afrikaanse bevolking toon.

5.4.1 Wat is Suid-Afrika se totale verwagte bevolking in 2010? (1)

5.4.2 Hoeveel Suid-Afrikaners sal in in 2010 in stede woon? (1)

5.4.3 Hoeveel Suid-Afrikaners sal in lin 2010 in landelike gebiede woon? (1)

5.4.4 Wat sal die benaderde vlak van verstedeliking in 2010 wees? (1 x 2) (2)

Kopiereg voorbehou 
GAUTENG

5.4.5 Gee moontlike redes hoekom die vlak van verstedeliking sal verhoog. (2 x 2) (4)

5.4.6 Die toename in bevolkingsgetalle bemoeilik die voorsiening van basiese dienste aan alle Suid-Afrikaners. Na 1994 is die HOP-program geïmplementeer om basiese dienste aan almal te help voorsien.

(a) Waarvoor staan die afkorting HOP? (3)

(b) Wat is die hoofdoel van die HOP? (1 x 2) (2)

(c) Gee voorbeelde van dienste wat deur die HOP voorsien is. (2 x 2) (4)

(d) Lewer kommentaar en gee redes vir die suksesvlak van die HOP. (2 x 2) (4)

5.5 FIGUUR 5.5 (BYLAE aangeheg) toon die indringing van die Karoo. Verwys na FIGUUR 5.5 en beantwoord die volgende vrae:

5.5.1 By watter TWEE natuurlike plantegroeitipes vind indringing plaas? (2)

5.5.2 In watter rigting vind die indringing van swakker spesies plaas? (1)

5.5.3 Die proses van indringing is hoofsaaklik die gevolg van verkeerde boerderymetodes. Gee TWEE voorbeelde van sulke verkeerde boerderymetodes. (2 x 2) (4)

5.5.4 Gee moontlike oplossings vir die probleem van indringing deur swakker plantspesies. (2 x 2) (4)

5.5.5 Bespreek die impak wat indringing van swakker plantspesies op die Suid-Afrikaanse ekonomiese ontwikkeling het. (2 x 2) (4)

5.6 FIGUUR 5.6 (BYLAE aangeheg) toon Suid-Afrka se belangrikste nywerheidsgebiede. Verwys na FIGUUR 5.6 en beantwoord die vrae wat volg.

5.6.1 (a) Identifiseer die vier nywerheidsgebiede gemerk P, Q, R en S. (4)

(b) Watter EEN van die genoemde nywerheidsgebiede is die grootste? (1)

5.6.2 (a) Tot watter ekonomiese sektor behoort nywerhede? (1 x 2) (2)

(b) Gee 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 5.6.2(a). (1 x 2) (2)

5.6.3 Noem TWEE faktore wat nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika begunstig. (2 x 2) (4)

5.6.4 Van watter belang is nywerheidsontwikkeling vir die Suid-Afrikaanse ekonomie? (2 x 2) (4)

5.6.5 'n Binnelandse nywerheidsgebied soos by P sal probleme ondervind om goedere uit te voer. Verduidelik hoekom is dit so. (2 x 2) (4)

5.7 Handel speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die ekonomie. Verwys na FIGUUR 5.7 (BYLAE aangeheg) wat die handelsbalans van Suid-Afrika in 2000 aandui.

5.7.1 Verduidelik die term *handelsbalans*. (2)

5.7.2 Was Suid-Afrika se handelsbalans positief of negatief in 2000? (1)

5.7.3 Verduidelik jou antwoord in VRAAG 5.7.2. (1 x 2) (2)

5.7.4 Hoe het 'n positiewe handelsbalans Suid-Afrikaners beïnvloed? (2 x 2) (4)

**[100]**

**OF**

**VRAAG 6**

6.1 Die volgende vrae verwys na inligting wat met Suid-Afrikaanse aardrykskunde verband hou.

6.1.1 Verskeie moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae verskaf.
Skryf slegs die letter (A - D) langs die vraagnommer neer, byvoorbeeld 6.1.1(f) A.

(a) … is NIE 'n landomsluitende buurstaat van Suid-Afrika nie.

A Zimbabwe
B Botswana
C Swaziland
D Mosambiek (1 x 2) (2)

(b) Hidro-elektrisiteit word by die … -dam opgewek.

A Vaal
B Van der Kloof
C Sterkfontein
D Driekloof (1 x 2) (2)

(c) SASOL, Suid-Afrika se grootste petro-chemiese nywerheid, is in die ... -nywerheidsgebied.

A PWV
B Durban-Pinetown
C Suidwes-Kaap
D Port Elizabeth-Uitenhage (1 x 2) (2)

6.1.2 Kies die korrekte term tussen hakies om AL die stellings WAAR te maak. Skryf slegs die vraagnommer en die term langsaan neer.

(a) Die waarde van goedere en dienste gelewer in Suid-Afrika verwys na die land se (BBP/BNP). (1 x 2) (2)

(b) Suid-Afrika se HOP-beleid is (voor/na) 1994 ingebring. (1 x 2) (2)

6.2 FIGUUR 6.2 (BYLAE aangeheg) toon werkloosheid in elke provinsie van Suid-Afrika. Tabel 6.2 toon vir elke provinsie statistiek van die allergrootste belang. Bestudeer FIGUUR 6.2 en TABEL 6.2 en beantwoord die vrae wat volg.

6.2.1 Verwys na FIGUUR 6.2.

(a) Identifiseer Suid-Afrika se buurstate A en B. (2)

(b) Identifiseer hawe C en dui aan watter grondstof hierdeur uitgevoer word. (2)

(c) Identifiseer hawe D en dui aan watter grondstof hierdeur uitgevoer word. (2)

6.2.2 Verwys na FIGUUR 6.2.

(a) Watter provinsie het die hoogste werkloosheidsyfer in Suid-Afrika? (1)

(b) Watter persentasie van die ekonomies aktiewe mense in die genoemde provinsie in VRAAG 6.2.2(a) is werkloos? (1)

(c) Gee TWEE moontlike redes vir die hoë werkloosheidsyfer in hierdie provinsie. (2 x 2) (4)

(d) Gee TWEE moontlike oplossings om die werkloosheid in Suid-Afrika te verminder. (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou

6.2.3 Verwys na TABEL 6.2.

(a) Watter provinsie het die hoogste bevolkingsdigtheid? (1)

(b) Watter provinsie het die laagste bevolkingsdigtheid? (1)

(c) Gee TWEE moontlike redes waarom die provinsie geïdentifiseer in VRAAG 6.2.3(a) die hoogste bevolkingsdigtheid het. (2 x 2) (4)

(d) Gee TWEE moontlike redes waarom die provinsie geïdentifiseer in VRAAG 6.2.3(b) die laagste bevolkingsdigtheid het. (2 x 2) (4)

6.2.4 Verwys na TABEL 6.2.

(a) Waarvoor staan die afkorting BBP? (1 x 2) (2)

(b) Watter provinsie dra die grootste persentasie tot die BBP by? (1 x 2) (2)

(c) Sekondêre aktiwiteite dra ook tot die ekonomiese welvaart van die genoemde provinsie in VRAAG 6.2.4(b) by. Noem TWEE faktore wat die nywerheidsontwikkeling in hierdie provinsie begunstig. (2 x 2) (4)

6.2.5 Die aantal persone wat in stedelike sentra woon verskil van provinsie tot provinsie. Verwys na TABEL 6.2.

(a) Watter provinsie sal die hoogste peil van verstedeliking toon in die toekoms? (1)

(b) Gee EEN rede vir jou antwoord in VRAAG 6.2.5(a). (1 x 2) (2)

(c) Watter probleme kan verwag word as gevolg van verstedeliking in die provinsie wat jy in VRAAG 6.2.5(a) genoem het? (2 x 2) (4)

6.3 Die Wes-Kaap is bekend as een van die grootste nywerheidsgebiede in Suid-Afrika. Die enigste kernkragsentrale in Suid-Afrika is ook in hierdie provinsie. Verwys na FIGUUR 6.3 (BYLAE aangeheg) en beantwoord die vrae wat volg.

6.3.1 Noem die hoofstad van die Wes-Kaap. (1)

6.3.2 Met verwysing na FIGUUR 6.3, noem TWEE faktore wat die ontwikkeling van die nywerheidsgebied in die Wes-Kaap begunstig. (2 x 2) (4)

6.3.3 Gee EEN soort nywerheid wat in die Wes-Kaap voorkom. (1 x 2) (2)

6.3.4 Baie nywerhede sal elektrisiteit van die kernkragstasie in die Wes-Kaap ontvang.

(a) Tot watter ekonomiese sektor behoort die voorsiening van elektrisiteit? (1 x 2) (2)

(b) Gee 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 6.3.4(a). (1 x 2) (2)

(c) Benoem die kernkragstasie wat in die Wes-Kaap voorkom. (1 x 2) (2)

(d) Gee EEN rede vir die ontwikkeling van 'n kernkragstasie in die Wes-Kaap. (1 x 2) (2)

(e) Gee EEN rede hoekom hidro-elektrisiteit nie in die Wes-Kaap opgewek word nie. (1 x 2) (2)

6.4 In provinsies aan die kus soos die Wes-Kaap word daar groot druk op die kus-ekosisteme geplaas. Dit het die gevolg dat volhoubare ontwikkeling nodig is.

6.4.1 Verwys na FIGUUR 6.4 (BYLAE aangeheg) en beantwoord die vrae wat volg.

(a) Identifiseer die TWEE aktiwiteite wat in FIGUUR 6.4 sigbaar is wat 'n negatiewe invloed op die kus-ekosisteme sal hê. (2)

(b) Beskryf hoe EEN van die aktiwiteite wat hier bo genoem is, 'n invloed op die kus-ekosisteem sal hê. (3 x 2) (6)

(c) Die vernietiging van die kus-ekosisteem sal 'n negatiewe invloed hê op die ekonomie van die vissersgemeenskappe. Verduidelik hoekom dit so is. (3 x 2) (6)

(d) Beveel DRIE moontlike maatreëls aan wat bekend gestel kan word om die vernietiging van die kusomgewing om te keer. (3 x 2) (6)

6.4.2 Lees die volgende uittreksel wat in die *Earthyear, Vol 2 2002* verskyn het:

"Die werking van die kusprogram – 'n Kusomgee inisiatief – is 'n goeie voorbeeld van volhoubare kusontwikkeling. Al langs die Suid-Afrikaanse kuslyn is werksgeleenthede geskep, die kusomgewing het dramaties verbeter, mense is opgelei en klein besighede is begin. Die inskakeling van omgewings- en ekologiese belange met die ontwikkeling van die kus-ekonomie is albei dinamies en opheffend … maar die belangrikste is, Kusomgee help die mees behoeftige gemeenskappe. Die hoofstukrag agter die program is om armoede te verlig deur volhoubare ontwikkeling."

(Vrye vertaling)

(a) Definieer die term *volhoubare ontwikkeling*. (2)

(b) Wat is die hoofdoel van volhoubare ontwikkeling? (1 x 2) (2)

(c) Wat is die voordeel van volhoubare ontwikkeling vir die omgewing? (1 x 2) (2)

(d) Gee EEN voordeel van volhoubare ontwikkeling vir die plaaslike vissersgemeenskappe. (1 x 2) (2)

(e) Met verwysing na die artikel, verduidelik hoekom volhoubare ontwikkeling 'n belangrike rol in die vertraging van landelik-stedelike migrasie speel. (2 x 2) (4)

**[100]**

**TOTAAL AFDELING C: 100**

**GROOTTOTAAL: 300**

Kopiereg voorbehou

education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2007

**AARDRYKSKUNDE V1 BYLAE**

**HOËR GRAAD / STANDAARDGRAAD**

**FEBRUARIE/MAART 2007**

**502-1/1 & 502-2/1**

X05

## BYLAE

**Hierdie bylae bestaan uit 6 bladsye**

*Kopiereg voorbehou*

GAUTENG

ANNEXURE/BYLAE

FIGURE 1.2A FIGUUR 1.2A





FIGURE 1.2B FIGUUR 1.2B





FIGURE 1.2C FIGUUR 1.2C





FIGURE 1.3 FIGUUR 1.3





FIGURE 1.4 FIGUUR 1.4






FIGURE 1.5 FIGUUR 1.5



ANNEXURE/BYLAE

FIGURE 2.2 FIGUUR 2.2





FIGURE 2.3 FIGUUR 2.3





FIGURE 2.5 FIGUUR 2.5





FIGURE 2.6 FIGUUR 2.6






FIGURE 2.7 FIGUUR 2.7



ANNEXURE/BYLAE

FIGURE 3.4 / FIGUUR 3.4





FIGURE 3.2 / FIGUUR 3.2





FIGURE 3.3 / FIGUUR 3.3





FIGURE 4.2 FIGUUR 4.2




AGRICULTURAL LAND
LANDBOUGROND

FIGURE 4.3 FIGUUR 4.3






FIGURE 4.4 FIGUUR 4.4




KEY/SLEUTEL

- SQUATTER COMMUNITY / PLAKKERSGEMEENSKAP
- SQUATTER COMMUNITY RURAL IN CHARACTER / PLAKKERSGEMEENSKAP MET LANDELIKE KARAKTER
- HIGH DENSITY RESIDENTIAL / HOË DIGTHEID RESIDENSIEËL
- LOW DENSITY RESIDENTIAL / LAE DIGTHEID RESIDENSIEËL
- INDUSTRY / NYWERHEID
- COMMERCIAL CENTRE / KOMMERSIËLE SENTRUM
- RAILWAY / SPOORWEG
- ROAD / PAD

ANNEXURE/BYLAE

FIGURE 5.2 FIGUUR 5.2





FIGURE 5.3 FIGUUR 5.3





FIGURE 5.4 FIGUUR 5.4





FIGURE 5.5 FIGUUR 5.5





FIGURE 5.6 FIGUUR 5.6






FIGURE 5.7 FIGUUR 5.7



ANNEXURE/BYLAE

FIGURE 6.2 FIGUUR 6.2





FIGURE 6.4 FIGUUR 6.4





TABLE 6.2 TABEL 6.2

| | AREA (km²) | POPULATION BEVOLKING | POPULATION DENSITY/km² BEVOLKINGS-DIGTHEID/km² | URBANISED VERSTEDELIK (%) | CONTRIBUTION TO GDP (%) BYDRAE TOT BBP (%) |
|---|---|---|---|---|---|
| SOUTH AFRICA SUID-AFRIKA | 1 398 088 | 46 888 200 | 33,5 | 48.3 | 100 |
| WESTERN CAPE WESKAAP | 154 463 | 4 645 600 | 30,1 | 86,5 | 13,2 |
| EASTERN CAPE OOSKAAP | 200 893 | 7 039 300 | 35,0 | 32.6 | 7,5 |
| NORTHERN CAPE NOORDKAAP | 417 345 | 902 300 | 2,2 | 73,0 | 2,2 |
| FREE STATE VRYSTAAT | 148 117 | 2 953 100 | 19,9 | 54,1 | 7,1 |
| KWAZULU/ NATAL | 105 406 | 9 651 100 | 91,6 | 37,6 | 14,7 |
| NORTH WEST NOORDWES | 129 876 | 3 823 900 | 29,4 | 31,6 | 6,9 |
| GAUTENG | 18 939 | 9 018 000 | 476,2 | 96,0 | 36,9 |
| MPUMALANGA | 88 529 | 3 219 900 | 36,4 | 31,2 | 8,3 |
| LIMPOPO | 134 520 | 5 635 000 | 41,2 | 9,1 | 3,1 |

FIGURE 6.3 FIGUUR 6.3




Copyright reserved/Kopiereg voorbehou